BELASTING: VERSKIL IN LBS VIR WERKERS WAT DIESELFDE INKOMSTE IN ‘N SPESIFIEKE MAAND HET

LBS op betaalstrokies word dienooreenkomstig die jaarlikse belastingskale bereken.

Dit kan gebeur dat twee werkers in 'n spesifieke maand presies dieselfde loon ontvang, maar dat die een se LBS meer of minder as die ander werker se belasting is, weens verskille in vorige maande.

Die mees waarskynlike rede vir die verskil is dat belasting oor 'n pro-rata gedeelte van 'n twaalf maande periode met inagneming van alle inkomste in die huidige jaar bereken word. Die berekening van die LBS in 'n spesifieke maand word dus op die werker se verdienste en belasting in die vorige maande ook gebaseer. Alle inkomstes word in ag geneem; dit is: oortyd verdien, kommissie, bonusse, ensovoorts. Gebaseer op die werker se verdienste, word 'n vooruitskatting van verdienste vir die finansiele jaar gemaak. Kortings waarvoor hierdie spesifieke werker mag kwalifiseer, word ook in berekening geneem.

Bogenoemde behoort die verskil in LBS per werker te verklaar. U kan self die belastingberekening druk. Volg die stappe: Betaal / Belasting (in die geel boksie) / Druk belastingberekening.

Dit sal die hele berekening uiteensit, en u kan dit dan gebruik om te sien of daar wel 'n probleem is.